basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**EKONOMIE V1**

**NASIENRIGLYNE**

**NOVEMBER 2023**

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

Approved 13/11/23
N.PILLAY
INTERNAL MODERATOR

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 23 bladsye.**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 13
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGE KEUSEVRAE

1.1.1 A – revaluasie ✓✓

1.1.2 C – Jugler ✓✓

1.1.3 B – Laffer ✓✓

1.1.4 A – 0,4 ✓✓

1.1.5 D – kwota ✓✓

1.1.6 B – Versnelde en Gedeelde Groei-inisiatief vir Suid-Afrika ✓✓

1.1.7 D – Nasionale Nywerheidsbeleidsraamwerk. ✓✓

1.1.8 C – verstedeliking ✓✓ (8 x 2) (16)

### 1.2 PAS ITEMS

1.2.1 H – gedeelte van huishoudings se besteding wat onafhanklik van die vlak van inkomste is ✓

1.2.2 G – handhaaf die siening dat markte inherent stabiel is✓

1.2.3 F – die vereiste om 'n verduideliking van jou eie besluite en optredes te gee ✓

1.2.4 B – wanneer 'n organisasie of 'n land vrygestel word van sy verpligting om 'n lening terug te betaal✓

1.2.5 C – samewerking tussen lande om gemeenskaplike monetêre en fiskale beleide aan te neem✓

1.2.6 I – die proses van toevoeging van nuwe bates, soos masjinerie en toerusting, tot die bestaande voorraad✓

1.2.7 D – fokus op die gebruik van wetenskap en tegnologie om industrialisasie te bevorder✓

1.2.8 A – 'n ekonomiese aanwyser wat met die lewenskoste verband hou✓ (8 x 1) (8)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 13
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

1.3 **GEE DIE TERM**

1.3.1 Lekkasies ✓

1.3.2 Saamgestelde aanwysers ✓

1.3.3 Beheerde swewende ✓

1.3.4 Ekonomiese groei ✓

1.3.5 Vervaardiging ✓

1.3.6 Prima-koers ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 13
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## AFDELING B

**Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.**

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 **Beantwoord die volgende vrae.**

2.1.1 **Noem enige TWEE produksiefaktore.**

- Arbeid/Menslike hulpbronne ✓
- Kapitaal ✓
- Land/Grond/Natuurlike hulpbronne ✓
- Entrepreneurskap ✓ (2 x 1) (2)

2.1.2 **Waarom is die inflasiekoers gedurende die voorspoedfase van 'n sakesiklus hoog?**

- Vraag is baie hoog in verhouding tot die aanbod van goedere en dienste wat hoër pryse tot gevolg het✓✓
- Die hoeveelheid geld in omloop is baie hoog wat daartoe lei dat te veel geld te min goedere najaag✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Identifiseer die jaar waarin Suid-Afrika die hoogste waarde van uitvoere aangeteken het.**

2021✓ (1)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 13
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

2.2.2 **Noem die rekening in die betalingsbalans (BB) wat lopende portefeulje-investering aanteken.**

Finansiële rekening✓ (1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die term *handelsbalans*.**

Die verskil tussen sigbare (tasbare) uitvoere en sigbare (tasbare) invoere / Dit word bereken as goedere-uitvoere plus netto gouduitvoere minus goedere-invoere.✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.2.4 **Verduidelik die impak van elektrisiteitstekorte op uitvoervolumes in Suid-Afrika.**

- Uitvoervolumes sal afneem namate produksie van goedere en dienste gedurende kragonderbrekings ontwrig word ✓✓
- Sommige besighede kan besluit om te disinvesteer of uit die ekonomie te onttrek wat lei tot minder besighede wat goedere en dienste produseer en uitvoer sal afneem ✓✓

- Besighede kan gedwing word om alternatiewe bronne van energie te installeer wat lei tot hoër pryse vir Suid-Afrikaanse uitvoere en sodoende die vraag na uitvoermark verminder✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.2.5 **Hoe kan die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) betalingsbalanstekorte verminder?**

- Die SARB mag die repokoers verhoog om verbruiksbesteding te ontmoedig, insluitend op invoere wat die saldo op die lopende rekening sal vermeerder✓✓
- 'n Styging in die repokoers lok kapitaalinvloei aangesien buitelandse beleggers voordeel trek uit hoër rentekoerse in die land wat die saldo op finansiële rekening sal verhoog ✓✓
- Die SARB kan buitelandse valuta beheer deur uitvoerders te verplig om buitelandse valuta aan die reserwebank te oorhandig, wat help om invoer te verminder ✓✓
- Invoerders wat buitelandse valuta benodig, moet by die reserwebank daarvoor aansoek doen wat invoere kan ontmoedig✓✓
- Beïnvloed depresiasie van die rand, deur buitelandse valuta in markte te koop, om invoere te ontmoedig en uitvoere te bevorder ✓✓
- Die SARB mag staatseffekte op ope mark verkoop om geldvoorraad en besteding aan invoere te verminder ✓✓
- Verhoog die kontantreserwesvereistes om kredietskepping te verminder wat help om besteding aan invoere te verminder ✓✓
- Onderhandel met handelsbanke om strenger te wees wanneer krediet verleen word om besteding aan invoere te ontmoedig✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

## 2.3 DATARESPONS

2.3.1 **Identifiseer in die tabel hierbo die metode wat gebruik word om bruto binnelandse produk (BBP) te bereken.**

Inkomemetode/BBP(I)✓ (1)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 13
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

2.3.2 **Gee EEN voorbeeld van belasting op produkte.**

- Belasting op Toegevoegde Waarde/ BTW ✓
- Aksynsbelasting (-reg) bv. sondebelasting, koolstofbelasting, suikerbelasting, brandstofheffing✓
- Invoerregte / Doeaneregte / Invoertariewe ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die term *subsidie op produksie*.**

Finansiële bystand of ondersteuning deur die regering om produksiekoste te verminder of produksie van sekere produkte aan te moedig of vergoeding van die produksiefaktore te beïnvloed✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4)

2.3.4 **Waarom is dit vir 'n land belangrik om nasionale rekeningetotale voor te berei?**

- Om die vlak van ekonomiese aktiwiteite te bepaal deur die waarde van reële BBP in 'n land te meet✓✓
- Om ekonomiese groei te meet deur reële BBP-syfers vir die huidige periode met die vorige te vergelyk✓✓
- Om die lewensstandaard te meet deur die vlak van reële BBP per capita te bepaal✓✓
- Om die vlakke van welvaart tussen lande te vergelyk ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4)

2.3.5 **Bereken die bruto waarde toegevoeg (BWT) teen basiese pryse (A) in die tabel hierbo. Toon alle berekeninge.**

BWT teen basiese pryse (**A**) = 5 453✓ + 132✓ - 12✓
= **R<u>5 573 bn</u>** ✓ (4)

2.4 **Verduidelik kortliks *spesialisasie* en *massaproduksie* as uitwerkings (effekte) van internasionale handel.**

**Spesialisasie**

- Spesialisasie verhoog die lewenstandaard, veral wanneer die gebied van spesialisasie in groot aanvraag is as gevolg van 'n tekort aan aanbod✓✓
- Angola het olieneerslae en kan in olieproduksie spesialiseer terwyl Mosambiek geen olieneerslae het nie en nie in olie kan spesialiseer nie ✓✓
- Lande wat spesialiseer in die produksie van 'n spesifieke produk sal die mees mededingende pryse hê (kan teen 'n laer koste produseer)✓✓
- China het 'n mededingende voordeel in die vervaardiging van tekstiel ontwikkel en hulle produseer hoë-gehalte produkte teen vergelykende lae pryse✓✓
- Lande wat spesialiseer in die produksie van goedere en dienste wat 'n onelastiese vraag het soos olie, verdien groot hoeveelhede uitvoerinkomste✓✓
- Internasionale handel kan 'n negatiewe impak op sommige industrieë en op mense in ander lande hê ✓✓
- Suid-Afrikaanse tekstielprodusente kan nie met Chinese produsente meeding nie en moes toemaak (sluit), wat veroorsaak dat baie werkers hul werk verloor het✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 13
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**Massaproduksie**

- Massaproduksie word moontlik as die buitelandse vraag by die binnelandse vraag gevoeg word ✓✓
- Grootskaalse produksie lei tot die aanwending (indiensneming) van meer plaaslike produksiefaktore, wat die lewensstandaard verbeter✓✓
- Massaproduksie bevorder skaalvoordele namate die eenheidskoste van produksie afneem wat verbruikers in staat stel om laer pryse te betaal✓✓
- Wanneer die produsent se gemiddelde koste daal, sal dit hul winsgewendheid verhoog✓✓
- Massaproduksie verseker dat produsente hul mededingende voordeel op wêreldmarkte kan maksimaliseer✓✓

- Massaproduksie kan storting bevorder wat as onregverdige mededinging teenoor ander lande beskou kan word ✓✓
- Massaproduksie kan lei tot oorbenutting van natuurlike hulpbronne wat omgewingsvolhoubaarheid bedreig ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (8)
**(Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir 'n blote lys van feite/voorbeelde))**

2.5 **Hoe kan sakesiklusse die gebruik van fiskale beleid in die ekonomie beïnvloed?**

**Gedurende 'n afswaai kan fiskale veranderinge soos volg beïnvloed word:**

- Die owerheid implementeer uitbreidende fiskale beleid om ekonomiese aktiwiteite te stimuleer en hoë werkloosheid te vermy ✓✓
- Persoonlike inkomstebelastingkoerse mag verlaag word om huishoudings se besteebare inkomste te verhoog en verbruiksbesteding te stimuleer✓✓
- Maatskappybelasting kan verlaag word om winsvooruitsigte van besighede te verhoog wat hulle sal aanmoedig om meer goedere en dienste te produseer ✓✓
- Indirekte belasting soos BTW kan verminder word om besteding aan te moedig en sodoende produksie van goedere en dienste te verhoog
- Die owerheid kan sy besteding op infrastruktuurontwikkeling verhoog wat die vraag na en produksie van kapitaalgoedere sal laat toeneem ✓✓
- Die owerheid kan welsynsbesteding soos maatskapliketoelaes verhoog wat verbruikersbesteding sal stimuleer ✓✓
- Die owerheid kan meer subsidies en aansporings verskaf om produksie van goedere en dienste aan te moedig ✓✓

**Gedurende 'n opswaai kan fiskale veranderinge soos volg beïnvloed word:**

- Tydens 'n voorspoedfase implementeer die owerheid inkrimpende (beperkende) fiskale beleid om die ekonomie te demp en hoë inflasie te vermy ✓✓
- Persoonlike inkomstebelastingkoerse kan styg om huishoudings se besteebare inkomste te verminder en sodoende oortollige vraag te verminder ✓✓
- Verhoging in indirekte belasting soos BTW kan pryse van goedere en dienste laat styg wat sal help om totale vraag te verlaag ✓✓
- Die owerheid kan sommige infrastruktuurontwikkelingsprojekte uitstel of kanselleer wat die vraag vir kapitaalgoedere sal laat afneem ✓✓
- Die owerheid mag welsynsbesteding soos maatskaplike toelaes verminder wat oormatige vraag in die ekonomie sal laat afneem ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4 x 2)
**(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir 'n blote lys van feite/voorbeelde))**

(8)

**[40]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 13
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



M

**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 **Beantwoord die volgende vrae.**

3.1.1 **Gee enige TWEE voorbeelde van basiese dienste wat deur die owerheid verskaf word.**

- Elektrisiteit ✓
- Watervoorsiening ✓
- Afvalverwydering/vullisverwydering ✓
- Sanitasie ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

3.1.2 **Hoe kan die Geïntegreerde Vervaardigingstrategie (GVS) industrialisasie in Suid-Afrika bevorder?**

- GVS fokus op die verbetering van die mededingendheid van vervaardigingsondernemings deur die verbetering van infrastruktuurdienste soos energie, kommunikasie en vervoer✓✓
- Die strategie het ten doel om oorkruiskwessies te verbeter deur 'n reeks faktore soos tegnologie, innovasie en menslike hulpbronne te ondersoek ✓✓
- Toegang tot finansiering word verbeter deur die voorsiening van befondsing vir die ontwikkeling van nywerhede ✓✓
- GVS behels die opgradering van menslike hulpbronne deur vaardigheidsontwikkelingsprogramme om arbeidsproduktiwiteit en die kwaliteit van goedere en dienste te verbeter ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Identifiseer 'n regstellende beleid wat daarna streef om onbillike diskriminasie in Suid-Afrikaanse werkplekke te verwyder.**

Wet op Gelyke Indiensneming ✓ (1)

EDUCATION
2023 -11- 13
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

3.2.2 **Noem EEN maatreël wat gebruik word om die doeltreffendheid van markte te verbeter.**

- Deregulering ✓
- Mededinging ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die term *ekonomiese ontwikkeling*.**

Die verbetering in die lewenstandaard van 'n land se bevolking oor 'n periode van tyd. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.2.4 **Hoe kan die owerheid belasting gebruik om besigheidsdoeltreffendheid te bevorder?**

- Verminder maatskappy-inkomstebelasting om die winsvooruitsigte van besighede te verhoog wat hulle sal aanmoedig om in meer doeltreffende produksietegnieke te belê✓✓
- Die owerheid kan belastingvrystellings aan nuutgestigte besighede verskaf wat hul bedryfskoste sal verminder, hulle sal help om uit te brei en meer mededingend te word✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.2.5 **Verduidelik die uitdagings in die implementering van Breëbasis-Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB).**

- Sommige besighede in swart besit het nie genoeg kapitaal om groot projekte te implementeer nie wat hul vermoë beperk om kontrakte van veral die owerheid te kry ✓✓
- Korrupsie in die vorm van omkoopgeld en nepotisme lei daartoe dat min mense by Swart Ekonomiese Bemagtiging baat vind✓✓
- Sommige maatskappye wat nie aan SEB voldoen nie, het voordeel getrek uit swart ekonomiese bemagtigingsprogramme as gevolg van fronting ✓✓
- Meeste swart mense het nie geld om aandele te koop nie wat die eienaarskap van groot maatskappye deur swart mense beperk ✓✓
- Baie swart mense het nie vaardighede en ondervinding om senior bestuursposisies in groot maatskappye te beklee nie ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

## 3.3 DATARESPONS

3.3.1 **Identifiseer EEN voordeel van buitelandse direkte investering vir die ekonomie.**

- Werkskepping ✓
- Ekonomiese groei ✓

(1)

EDUCATION
PRETORIA 0001
2023 -11- 13
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

3.3.2 **Noem die finansiële aansporing deur die owerheid verskaf om nuwe buitelandse investering na Suid-Afrika te lok.**

Buitelandse Investeringtoelae (BIT)/Buitelandse Beleggingsaansporing ✓ (1)

3.3.3 **Beskryf kortliks die term *nywerheidsontwikkeling*.**

Die implementering van beleide om die vestiging (oprigting) van nuwe nywerhede en uitbreiding van bestaande nywerhede te bevorder✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.3.4 **Waarom is die vervaardigingsektor belangrik vir die ekonomie?**

- Die vervaardigingsektor is arbeidsintensief wat die ekonomie help om baie werksgeleenthede te skep en werkloosheid te verminder ✓✓
- Verwerk grondstowwe tot voltooide goedere wat teen hoër pryse uitgevoer kan word en meer inkomste vir die ekonomie genereer ✓✓
- Vervaardiging lok meer buitelandse direkte investering wat help om die belastingbasis vir die owerheid uit te brei en tot die BBP by te dra ✓✓
- Die sektor dra by tot ekonomiese groei wat verbruikers in staat stel om 'n verskeidenheid goedere en dienste te hê wat menslike behoeftes sal bevredig ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(2)

3.3.5 **Verduidelik die faktore wat die sukses van nywerheidsontwikkelingsones (NOS) in Suid-Afrika negatief mag beïnvloed.**

- Politieke, industriële en sosiale onstabiliteit soos nywerheidsaksies en gemeenskapsbetogings kan 'n negatiewe sentiment jeens Suid-Afrika skep en sodoende beleggers se vertroue verminder ✓✓
- Elektrisiteitstekorte ontwrig produksie deur die landwye kragonderbrekings (beurtkrag) wat potensiële beleggings in nywerheidsontwikkelingsones kan ontmoedig ✓✓
- Depresiasie van die rand kan die koste van ingevoerde produksie-insette soos olie (petroleum) en halfvoltooide materiaal laat styg en sodoende nuwe beleggings ontmoedig ✓✓
- Hoë inflasiekoers kan die vraag vir Suid-Afrikaanse uitvoere verminder wat produksie van uitvoere in Nywerheidsontwikkelingsones kan ontmoedig ✓✓
- Gebrek aan geskoolde arbeid kan beleggers ontmoedig aangesien dit sal lei tot lae produktiwiteit, swak kwaliteit produkte en hoë gemiddelde koste van produksie ✓✓
- Afgradering van die Suid-Afrikaanse owerheid se kredietgradering kan 'n negatiewe sentiment skep en sodoende potensiële beleggings ontmoedig ✓✓
- Eksterne faktore soos stygende kommoditeitspryse en ontwrigting in skeepsroetes kan 'n impak hê op die vraag na goedere wat in NOS geproduseer word

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2)

(4)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 13
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

3.4 **Bespreek kortliks die *ruilvoet* en die *wisselkoers* as ekonomiese aanwysers wat met buitelandse handel verband hou.**

**Ruilvoet**

- Ruilvoet meet die verhouding van uitvoerprysindeks teen invoerprysindeks✓✓
- Veranderinge in die ruilvoet dien as 'n aanwyser van veranderinge wat oorspoel-effekte op die betalingsbalans en die waarde van die plaaslike geldeenheid kan veroorsaak ✓✓
- 'n Verbetering in die ruilvoet word veroorsaak deur 'n daling in invoerpryse en 'n styging in uitvoerpryse✓✓
- Die ekonomie sal minder bestee vir dieselfde hoeveelhede invoere as die ruilvoet toe neem ✓✓
- 'n Verswakking in die ruilvoet word veroorsaak deur 'n styging in invoerpryse en 'n daling in uitvoerpryse ✓✓
- 'n Groter volume van uitvoer sal dalk geproduseer moet word om uitvoerverdienste te handhaaf, indien die ruilvoet daal✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2)

**Wisselkoers:**

- Wisselkoers meet die waarde van 'n land se geldeenheid in terme van 'n ander land✓✓
- Meeste lande het talle wisselkoerse, wat beteken dat die rand teen die VS dollar kan depresieer maar teen die Chinese joean appresieer ✓✓
- Veranderinge in 'n wisselkoers beïnvloed die pryse vir invoere en uitvoerverdienste ✓✓
- Depresiasie van die rand teenoor die dollar sal daartoe lei dat VS se goedere en dienste vir Suid-Afrika duurder word ✓✓
- Appresiasie van die rand teenoor die VS dollar sal Suid-Afrika se uitvoer na die VSA duurder maak en sodoende die vraag laat afneem ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (8)

**('n Maksimum van 4 punte mag vir blote opnoem van feite/voorbeelde toegeken word)**

EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 13
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

3.5 **Ontleed die impak van lae ekonomiese groei op die Suid-Afrikaanse ekonomie.**

**Lae ekonomiese groei het die volgende impak op die Suid-Afrikaanse ekonomie:**

- Suid-Afrika se werkloosheidskoers sal afneem as gevolg van die afname in produksie van goedere en dienste ✓✓
- Huishoudings se inkomstevlakke sal afneem wat tot lae verbruiksbesteding en besparings lei ✓✓
- Die ekonomie sal misluk om direkte investering te lok wat tot verminderde werksgeleenthede bydra ✓✓
- Uitvoerverdienste sal afneem wat bydra tot die depresiasie van plaaslike geldeenheid en afname in handelsbalans ✓✓
- Belastinginkomste vir die owerheid sal verminder wat die kapasiteit van die owerheid verminder om openbare projekte soos infrastruktuur ontwikkeling te implementeer ✓✓
- Baie mense verloor hul werk wat die fiskale las vir die owerheid verhoog in terme van welsynuitgawes soos maatskaplike toelaes✓✓
- Staatskuld sal toeneem namate die owerheid meer fondse van internasionale organisasies leen en ander owerhede om hul besteding (uitgawes) te finansier✓✓
- Lae staatsfinansies sal die owerheid se vemoë beperk om hul beleggings in sosio-ekonomiese dienslewering soos elektrisiteit- en watervoorsiening te verhoog ✓✓
- Inflasiekoerse kan styg as gevolg van die afname in die aanbod van goedere en dienste✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4 x 2) (8)
**('n Maksimum van 2 punte mag vir blote opnoem van feite/voorbeelde toegeken word)** **[40]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 13
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**
**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 **Beantwoord die volgende vrae.**

4.1.1 **Noem enige TWEE eienskappe van lande in die Suide.**

- Lae lewensstandaard/hoë armoede vlakke ✓
- Lae per-capita inkomste ✓
- Hoë koers van werkloosheid ✓
- Lae lewensverwagtinge ✓
- Lae geletterdheidsvlakke/swak onderwys ✓
- Lae ekonomiese groei/lae produksievlakke✓
- Gebrekkige infrastruktuur ✓
- Hoë bevolkingsgroei en afhanklikheidslas ✓
- Hoë afhanklikheid van primêre sektor ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

4.1.2 **Hoe kan 'n toename in die bevolking se inkomstevlakke die vraag na invoere beïnvloed?**

Toename in die bevolking se inkomstevlakke lei tot 'n toename in vraag vir ingevoerde goedere en dienste veral wanneer binnelandse aanbod onvoldoende is / Toename in die bevolking se inkomstevlak laat plaaslike verbruikers toe om luukse produkte te bekostig wat normaalweg van ontwikkelde lande ingevoer word✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

**4.2 DATARESPONS**

4.2.1 **Identifiseer die oorspronklike ewewigspunt in die grafiek hierbo.**

e ✓ (1)

4.2.2 **Noem EEN instrument van die monetêre beleid.**

- Rentekoerse/repokoers/terugkoopkoers ✓
- Kontantreserwevereistes ✓
- Opemarktransaksies✓✓
- Morele oorreding ✓
- Wisselkoersbeleid✓

(1)

4.2.3 **Beskryf kortliks die term *sakesiklus.***

Opeenvolgende periodes van toenemende en afnemende ekonomiese aktiwiteit/Herhalende patrone van ekonomiese uitbreiding en inkrimping in 'n land ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 13
APPROVED MARKING GUIDELINE
EXAMINATION

4.2.4 **Hoe kan mededinging totale aanbod stimuleer?**

- Mededinging laat die ontstaan van nuwe besighede in verskeie bedrywe toe wat die produksie van goedere en dienste sal verhoog en totale aanbod stimuleer ✓✓
- Mededinging moedig bestaande besighede aan om meer doeltreffende produksiemetodes te gebruik wat produktiwiteit verhoog en totale aanbod sal stimuleer ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.2.5 **Verduidelik die effek van vraagkant- en aanbodkantbeleide op die algemene prysvlak en reële uitset, met verwysing na die grafiek hierbo.**

- Implementering van vraagkantbeleide om ekonomiese groei te stimuleer sal die vraagkurwe van TV na $TV_1$ verskuif terwyl totale aanbod konstant bly ✓✓
- 'n Nuwe ewewig sal by punt $e_1$ gevorm word waar hoër uitsette $H_1$ geproduseer word, maar die algemene prysvlak van P na $P_1$ sal styg✓✓
- 'n Nuwe ewewig sal gevorm word by pint $e_2$ waar hoër uitsette $H_2$ geproduseer word teen dieselfde prysvlak P✓✓
- Implementering van aanbodkantbeleide om hoër totale vraag aan te vul, sal die totale aanbodkromme van TA na $TA_1$ verskuif
- 'n Nuwe ewewig sal by punt e2 gevorm word, waar hoër uitset $H_2$ geproduseer word teen 'n laer algemene prysvlak P

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Identifiseer die bevolkingspersentasie van vroue in die ouderdomsgroep 30 tot 34 jaar.**

4,7% ✓ (1)

4.3.2 **Gee 'n ekonomiese term wat verwys na die bevolkingsouderdomsgroep 15 tot 65 jaar.**

Ekonomiese aktiewe bevolking (EAB) / Ekonomiese bedrywige bevolking/ Arbeidsmag ✓ (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die term *lewensverwagting.***

Die aantal jare wat 'n pasgebore verwag word om te leef✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.3.4 **Verduidelik die impak van wanvoeding op die kindersterftesyfer.**

Wanvoeding kan kindersterftesyfer verhoog as gevolg van verhoogde gesondheidsrisiko's onder die kinders✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 13
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

4.3.5 **Waarom is die bevolkingsgrootte belangrik vir besighede en/of die owerheid?**

- Bevolkingsgrootte help die regering om op sy infrastruktuurprojekte soos water, energie en padkonstruksie te beplan ✓✓
- Die owerheid mag die bevolkingsgrootte gebruik om die fondse te bepaal wat nodig is om maatskaplike programme te voorsien✓✓
- Besighede mag bevolkingsyfers gebruik om die beskikbaarheid van arbeid vir produksieprosesse na te gaan✓✓
- Die grootte van die bevolking kan besighede help om die grootte van hul markte te bepaal✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4)

4.4 **Bespreek ruimtelike ontwikkelingsinisiatiewe (ROI) as Suid-Afrika se strewes (pogings) in streeksontwikkeling.**

- Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatiewe kan gedefinieer word as 'n skakel tussen belangrike ekonomiese spilpunte en streke in 'n land ✓✓
- ROIs bevorder volhoubare nywerheidsontwikkeling in gebiede waar armoede en werkloosheid op sy hoogste is ✓✓
- Die bedoeling van die owerheid was om die ROIs te laat groei hoofsaaklik deur privaatsektor beleggings deur die toekenning (toestaan) van aansporings ✓✓
- ROIs bevorder die vestiging van Publieke- Private Vennootskappe (PPV) om die ekonomiese potensiaal van onderontwikkelende gebiede te verhoog ✓✓
- In 'n PPV mag 'n private besigheid die kapitaal verskaf om die fabriek te bou, om grondstowwe te koop en arbeid in diens te neem verskaf, terwyl die owerheid kapitaal vir die infrastruktuur voorsien✓✓ bv. paaie en water✓
- Die ROI behels 'n interdepartementele beleggingstrategie wat die Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging (DHNM) en die Departement van Vervoer lei✓✓
- ROIs fokus op hoë-vlakke ondersteuning in gebiede waar sosio-ekonomiese omstandighede gekonsentreerde owerheidsondersteuning vereis en inherente ekonomiese potensiaal bestaa✓✓
- ROIs lok privaatsektor en buitelandse direkte investering en maksimaliseer samewerking tussen verskeie tipes van belegging✓✓
- Finansiële aansporings om ROIs te bevorder sluit in belastingvrye aansporings, Klein en Medium Ondernemingsontwikkeling, Vaardigheidsondersteuningsprogram, Kritiese infrastruktuurprogram en Buitelandse investeringstoelae✓✓
- Die owerheid ontwikkel fisiese infrastruktuur soos paaie en hawens, en finansier dit met lenings en privaatsektorbeleggings✓✓
- Ekonomiese aktiwiteite in onderontwikkelende gebiede word gestimuleer en sodoende ekonomiese groei en ontwikkeling te bevorder✓✓
- Ruimtelike ontwikkelingsinisiatiewe (ROIs) verseker vinnige beplanning en ontwikkeling✓✓

PRIVATE BAG X895, PRETORIA
2023 -11- 13
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

- ROIs herstruktureer die uitwerking van die Apartheid-ekonomie deur die ontwikkeling van voorheen onderontwikkelende gebied✓✓
- Voorbeelde van ROIs in Suid-Afrika sluit in KwaZulu-Natal SDI, Wildekus ROI, Visrivier ROI, Weskus investeringsinisiatief, Platinum ROI, Phalaborwa ROI, Gauteng Spesiale Ekonomiese Sone, Lubombo ROI, Richards Bay Inisiatief✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4 x 2)
**('n Maksimum van 4 punte mag vir blote opnoem van feite/voorbeelde toegeken word)** (8)

4.5 **Ontleed die verhouding tussen die finansiële sektor en ander deelnemers in die ekonomiesekringloop-model.**

- Finansiële sektor sluit banke en ander instellings in wat leen- en uitleendienste aan die ander deelnemers verskaf op die ekonomiese kringloopmodel✓✓
- Finansiële instellings tree op as tussengangers tussen die huishoudings wat geld wil spaar en besighede wat geld wil leen om hul beleggings te finansier. ✓✓
- Handelsbanke aanvaar deposito's van geld van huishoudings as spaargeld en betaal rente op die spaargeld ✓✓
- Die finansiële sektor leen geld in die vorm van lenings aan produsente wat hul bedrywighede moet uitbrei ✓✓ byvoorbeeld koop meer grond en geboue of masjinerie en toerusting ✓
- Huishoudings mag geld by finansiële instellings leen om goedere en dienste soos huise en voertuie te koop✓✓
- Die finansiële sektor maak wins uit die verskil tussen die rentekoers wat aan deposante betaal word en dit wat van leners gehef word.✓✓
- Finansiële instellings kan as aandelemakelaars optree deur huishoudings by te staan wat dalk hul surplusfondse moet belê ✓✓ byvoorbeeld die aankoop van aandele by die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSE)✓
- Kommersiële banke fasiliteer die uitruil van verskillende geldeenhede wat ander deelnemers in staat stel om betalings vir hul invoer te maak ✓✓
- Finansiële markte koördineer die vraag na en aanbod van buitelandse valuta om verskillende wisselkoerse te bepaal✓✓
- Staatsinstellings soos staatsbeheerde ondernemings en plaaslike munisipaliteite mag hul surplusfonds by die finansiële instellings spaar of belê ✓✓
- Die owerheid kan fondse by verskillende finansiële instellings leen om die bestedingsbehoeftes te dek ✓✓
- Finansiële instellings soos handelsbanke en versekeringsmaatskappye betaal belasting aan die regering uit die inkomste wat hulle genereer ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4 x 2) (8)
**('n Maksimum van 2 punte mag vir blote opnoem van feite/voorbeelde toegeken word)** **[40]**

EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 13
APPROVED MARKING GUIDELINE

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek in detail die vernaamste doelwitte van die openbare sektor in die ekonomie. (26 punte)**
- **Evalueer die impak van privatisering van staatsbeheerde ondernemings (parastatale) op die Suid-Afrikaanse ekonomie. (10 punte)**

**INLEIDING**

Openbare sektor is die deel van die ekonomie wat deel uitmaak van alle entiteite wat besit en beheer word deur die owerheid/Makro-ekonomiese doelwitte is die doelwitte en teikens wat die openbare sektor wil bereik vir die hele ekonomie✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding) **(Maks. 2)**

**LIGGAAM: HOOFDEEL**

1. **EKONOMIESE GROEI ✓**
   - Ekonomiese groei is die toename in die produksie van goedere en dienste deur die ekonomie / Ekonomiese groei is die toename in die vermoë van die ekonomie om meer goedere en dienste te produseer ✓✓
   - Dit word gemeet in terme van 'n toename in die reële bruto binnelandse produk (BBP) ✓✓
   - Ekonomiese ontwikkeling vind plaas wanneer die ekonomiese groeikoers hoër is as die bevolkingsgroeikoers ✓✓
   - Hoë ekonomiese groeikoers beteken daar sal minder mense wees wat van die staat afhanklik is om hul basiese behoeftes te bevredig / Vir ekonomiese ontwikkeling om plaas te vind, moet ekonomiese groeikoers die bevolkingsgroeikoers oorskry ✓✓
   - Die staat probeer verseker dat daar deurlopende ekonomiese groei is omdat dit tot 'n verbetering in die lewenstandaard lei.✓✓
   - In Suid-Afrika, was ekonomiese groei uiters laag as gevolg van faktore soos natuurlike rampe, kragonderbrekings en tekort aan investering✓✓

2. **VOLLE INDIENSNEMING✓**
   - Die doelwit van die regerings is om te verseker dat alle persone wat bereid is om te werk en werk soek, in staat moet wees om werk te kry of vir hulself werk te skep ✓✓
   - Informele sektoraktiwiteite moet bevorder word omdat dit die potensiaal het om indiensneming te verhoog✓✓
   - GEAR is geïmplementeer om 'n positiewe klimaat te skep wat bevorderlik was vir werkskepping deur die private sektor ✓✓
   - Die owerheid versnel werkskepping deur direkte indiensnemingskemas, geteikende subsidies en uitbreidende makro-ekonomiese beleid ✓✓
   - Arbeidsintensiewe aktiwiteite in die landbou- en ligte vervaardigingsektore word ook gebruik om werk te skep ✓✓
   - Die staat ondersteun ook kennis- en kapitaalintensiewe sektore om mededingend te bly✓✓
   - In Suid-Afrika het werkloosheidsyfer die afgelope paar jaar toegeneem as gevolg van die effek van Covid-19 pandemie ✓✓

EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 13
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

3. **WISSELKOERSSTABILITEIT/BETALINGSBALANS EWEWIG ✓**

- Wisselkoersstabiliteit vind plaas wanneer die wisselkoers stabiel bly om onsekerheid in die buitelandse handel te verminder✓✓
- Depresiasie en appresiasie van 'n geldeenheid veroorsaak onsekerheid vir beleggers, produsente en handelaars✓✓
- Onbestendige wisselkoers veroorsaak dat die prys van invoere en uitvoere wisselvallig is wat betalingsbalanswanbalanse kan veroorsaak✓✓
- Wisselkoersstabiliteit help om die inflasiekoers te beheer en hoër ekonomiese groei te behaal ✓✓
- Die owerheid gebruik sy monetêre en fiskale beleid om te verseker dat die wisselkoers so lank as moontlik relatief stabiel bly ✓✓
- Die Suid-Afrikaanse Reserwebank het die beheerde swewende wisselkoers vervang met 'n vryswewende wisselkoersstelsel om geldeenhede spekulasie in die mark te verminder✓✓
- In Suid-Afrika, het die rand gedepresieer weens faktore soos verminderde uitvoere en die negatiewe sentiment rakende die ekonomie✓✓

4. **PRYSSTABILITEIT ✓**

- Prysstabiliteit vind plaas wanneer die algemene prys van goedere en dienste relatief konstant bly oor tyd✓✓
- Wanneer pryse stabiel en inflasie laag is, kan markte optimaal funksioneer en die owerheid kan ekonomiese groei en ontwikkeling meer doeltreffend bevorder✓✓
- In Suid-Afrika beteken relatiewe prysstabiliteit dat die inflasiekoers binne die inflasieteikens van 3-6% bly✓✓
- Rentekoerse, gebaseer op die repokoers, is die hoofinstrumente wat gebruik word om prysstabiliteit te bewerkstellig..✓✓
- Indien inflasie die boonste perk van die reeks oorskry, moet die Reserwebank oorweeg om die rentekoerse te verhoog om die oorverhitte ekonomie te laat afkoel✓✓
- 'n Stabiele begrotingstekort het ook 'n stabiliserende effek op prysstabiliteit✓✓
- Inflasieteikens help om 'n groter mate van deursigtigheid in monetêre beleid te skep ✓✓
- In Suid-Afrika, is inflasiekoers hoog as gevolg van faktore soos stygende brandstof en voedselpryse✓✓

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2023 -11- 13
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

5. **EKONOMIESE GELYKHEID / GELYKE VERSPREIDING VAN INKOMSTE / EKONOMIESE GEREGTIGHEID**

- Ekonomiese gelykheid bestaan wanneer die hulpbronne van 'n land regverdig onder die bevolking verdeel is ✓✓
- 'n Herverdeling van inkomste en rykdom is noodsaaklik in markekonomieë✓✓
- Die owerheid moet ingryp want daar is dele van die samelewing wat 'n groot bedrag geld verdien terwyl ander baie min verdien ✓✓
- Suid-Afrika gebruik 'n progressiewe inkomstebelastingstelsel waar hoër inkomsteverdieners hoër belastingkoerse betaal as laerinkomsteverdieners ✓✓
- Belasting op winste, rykdom en uitgawes kan gebruik word om gratis maatskaplike dienste vir die arm huishoudings te finansier ✓✓

- Gratis basiese onderwys, gratis basiese gesondheidsorg, basiese ekonomiese dienste en kontanttoelaes aan die armes en ander kwesbare mense, sal ekonomiese gelykheid bevorder ✓✓
- Die owerhede probeer ook om te vergoed vir die menslike regte misbruik van die verlede deur regstellende beleide te implementeer soos gelyke indiensneming en swart ekonomiese bemagtiging✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
**(Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir opskrifte/subopskrifte/ voorbeelde)**
**(Maks. 26)**

**ADDISIONELE DEEL**

**Privatisering van Staatsbeheerde ondernemings (parastatale) kan 'n positief impak op die Suid-Afrikaanse ekonomie as volg hê:**

- Doeltreffendheid in dienslewering sal verbeter aangesien ondernemings in private besit beter kwaliteit dienste sal lewer as gevolg van die winsmotief✓✓
- Die owerheid kan ekstra inkomste uit die verkope van openbare bates verkry wat sal help om strategiese openbare projekte soos infrastruktuurontwikkeling te finansier ✓✓
- Die belastingbasis sal uitbrei wat die owerheid in staat sal stel om meer belastinginkomste in te samel om ander sosio-ekonomiese kwessies aan te spreek✓✓
- Fiskale las in terme van finansiële borgtogte sal verminder word wat sal help om openbare skuld te verminder. ✓✓
- Die owerheid se finansiële posisie sal verbeter as gevolg van die afname in administratiewe en ander bedryfskoste soos lone en salarisse✓✓
- Ontwikkelingsdoelwitte soos ekonomiese bemagtiging kan bevorder word as gevolg van 'n toename in die aantal individue wat produksiefaktore besit✓✓
- Privatisering kan direkte buitelandse beleggings lok wat kapitaalinvloei sal skep en sodoende die betalingsbalans verbeter ✓✓

**Privatisering van Staatsbeheerde ondernemings (parastatale) kan 'n negatiewe impak op die Suid-Afrikaanse ekonomie as volg hê:**

- Goedere en dienste sal duurder word as gevolg van die winsmotief en gebrek aan openbare belangstelling in die private sektor ✓✓
- Verbruikers kan hoër pryse betaal vir noodsaaklike dienste wat die lewenskoste kan verhoog ✓✓
- Ander besighede kan hoër produksiekoste aangaan omdat hulle meer betaal vir sleutelinsetdienste wat kan bydra tot kostedrukinflasie ✓✓
- Privatisering kan werkloosheid verhoog deur oor te skakel na minder arbeidsintensiewe produksie ✓✓
- Privatisering van staatsondernemings soos Eskom kan lei tot die skepping van monopolieë wat verbruikers kan uitbuit✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) **(Maks. 10)**
**(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir opskrifte/subopskrifte/voorbeelde)**

**SLOT**

Dit is baie belangrik dat die staat van tyd tot tyd sy funksionering verbeter om ekonomiese onstabiliteit te vermy om sodoende gewenste ontwikkeling teweeg te bring. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante hoër-orde slot) **(Maks. 2)**

**[40]**

EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 13
APPROVED MARKING GUIDELINE
EXAMINATION

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek in detail uitvoerbevordering as Suid-Afrika se internasionale handelsbeleid.** **(26 punte)**
- **Hoe kan Suid-Afrika bevoordeel word deur deel te wees van die verskeie handelsprotokolle soos Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG)?** **(10 punte)**

**INLEIDING**

Uitvoerbevordering behels die voorsiening van aansporings om plaaslike besighede aan te moedig om goedere vir uitvoere te produseer/Wanneer die owerheid aansporings betaal om produksie van goedere en dienste wat uitgevoer kan word aan te moedig ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding) **(Maks. 2)**

**HOOFDEEL**

**Metodes van uitvoerbevordering**

(a) **Uitvoeraansporings** ✓
- Die doel van uitvoeraansporings is om uitvoere aan te moedig deur finansiële ondersteuning aan uitvoermaatskappye te verskaf✓✓
- Finansiële ondersteuning aan uitvoerbesighede stel hulle in staat om doeltreffend op internasionale markte mee te ding sodat hulle groter volumes kan uitvoer✓✓
- Die owerheid mag inligting oor uitvoermarkte verskaf, navorsing oor nuwe markte, konsessies op vervoerkoste, uitvoerkrediet, ens. aanbied om uitvoere te stimuleer✓✓

(b) **Uitvoersubsidies** ✓
**Direkte subsidies**✓
- Direkte subsidies lei tot staatsuitgawes omdat dit regstreekse finansiële ondersteuning aan binnelandse uitvoerders bied ✓✓
- Direkte subsidies is kontantbetalings soos kontanttoelae vir uitvoeruitstallings en marknavorsing en subsidies vir opleiding en indiensneming van personeel ✓✓
- Die doel van direkte subsidies is om die koste van produksie te verminder en mededingendheid in die uitvoermarkte te verhoog✓✓

**Indirekte subsidies**✓
- Indirekte subsidies vind plaas wanneer die owerheid nie sekere soorte van inkomste verdien nie ✓✓ bv. belasting✓
- Die owerheid betaal maatskappye dikwels sekere belasting terug om uitvoere te bevorder✓✓
- Indirekte subsidies kan terugbetalings op invoertariewe en algemene belastingkorting op winste verdien uit uitvoere of op kapitaal wat belê om uitvoergoedere te produseer insluit✓✓

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 13
APPROVED MARKING GUIDELINE

(c) **Handelsneutraliteit**✓
- Die owerheid kan subsidies verskaf wat gelykstaande is aan invoertariewe deur uitvoerders betaal wanneer produksie-insette ingevoer word✓✓
- Handelsneutraliteit kan bereik word deur handelsliberalisering. ✓✓

(d) **Uitvoerverwerkingsones (UVS'e)** ✓

- Uitvoerverwerkingsones (UVS) is 'n vryhandelenklawe binne 'n beskermende ekonomie en is gewoonlik naby 'n hawe of lughawe geleë ✓✓
- Vervaardigers is in 'n UVS geleë om vir uitvoerdoeleindes te produseer, deur van invoergevoerde insette gebruik te maak wat gratis van alle doeaneregte verkry word✓✓
- Ontwikkelende lande bied aantreklike aansporings om buitelandse beleggers na hul UVS'e te lok✓✓

**Redes/Voordele van uitvoerbevordering**:
- Daar is geen beperkings op die grootte en skaal nie aangesien die wêreldmark baie groter as die binnelandse mark is ✓✓
- Produksie is gebaseer op koste- en doeltreffendheidoorwegings en word op grond van vergelykende voordele georganiseer✓✓
- Daar is verhoogde binnelandse produksie deur die uitbreiding van uitvoerproduksie wat tot laer binnelandse pryse sal lei✓✓
- Wisselkoerse sal realisties wees en daar is geen behoefte aan valutabeheer en kwantitatiewe beperking nie ✓✓
- Waarde kan tot die natuurlike hulpbronne van die land toegevoeg word deur dit te verwerk tot klaarprodukte met hoër waarde ✓✓
- Uitvoerbevordering skep meer werksgeleenthede vir die Suid-Afrikaanse arbeidsmag ✓✓
- Toename in uitvoere kan help om die betalingsbalanstekort te verminder✓✓
- Uitvoerbevordering vergroot die produksievermoë van die land en bevorder nywerheidsontwikkeling ✓✓
- Prestasie van vervaardigings- en diensbedrywe en internasionale mededingendheid van Suid-Afrikaanse produsente sal verbeter✓✓
- Uitvoerbevordering verseker doeltreffende gebruik van hulpbronne deur verbeterde innovasie en mededinging✓✓

**Nadele van uitvoerbevordering**
- Die werklike koste van produksie mag nie in die pryse van die produkte weerspieël word nie aangesien subsidies en aansporings die totale koste van produksie kan verlaag✓✓
- Daar kan 'n gebrek aan mededinging wees as gevolg van aansporings en subsidies wat uitvoerbesighede toelaat om baie lae pryse te vra, wat mededingers wat volhoubare besighede kan skep uit die mark dwing✓✓
- Oorsese lande kan wraak neem met tariewe en kwotas wanneer soortgelyke goedere binnelands onder hul werklike produksiekoste verkoop word✓✓
- Ontwikkelde lande handhaaf dikwels hoë vlakke van effektiewe beskerming vir hul arbeidsintensiewe bedrywe waarin ontwikkelende lande reeds vergelykende voordeel het ✓✓
- Onttrekking van aansporings deur die owerheid kan lei tot die sluiting van geaffekteerde maatskappye ✓✓
- Uitvoerbevordering kan deur ander lande as storting beskou word en hulle kan vergeld met verhoogde tariewe en kwotas ✓✓
- Uitvoerbevordering kan ook teen die bepalings van die

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 13
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

Wêreldhandelsorganisasie wees, wanneer goedere uitgevoer word teen pryse onder die werklike koste van produksie as gevolg van subsidies✓✓

- Uitvoerbevordering mag ook teen die voorsiening van die Wêreldhandelsorganisasie wees, wanneer goedere teen pryse laer as die werklike produksiekoste uitgevoer word as gevolg van subsidies✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) **(Maks. 26)**
**(Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir opskrifte/subopskrifte/ voorbeelde)**

**ADDISIONELE DEEL**

**Suid-Afrika (SA) kan as volg bevoordeel word van verskeie handelsprotokolle soos Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG):**

- Ingevolge die SAOG-protokol het sowat 97% van invoere vanaf SAOG gekwalifiseer vir belastingvrye toegang tot Suid-Afrika wat plaaslike verbruikers toelaat om goedere van SAOG-lande teen laer pryse in te voer ✓✓
- Die Suid-Afrikaanse rand word aanvaar as 'n wettige tender in meeste van die Multilaterale Monetêre Gebied (MMG) lande soos Swaziland, Lesotho en Namibië wat dit makliker maak vir plaaslike verbruikers om betalings in hierdie lande te maak✓✓
- Die Europese Unie (EU) vryhandelsooreenkomste met Suid-Afrika behels die vrystelling van tariewe van 95% van die EU se invoere van Suid-Afrika wat SA produsente in staat stel om goedere na Europese lande uit te voer sonder handelsbeperkinge✓✓
- Suid-Afrika kan meer doeltreffende produksietegnieke van Europese lande invoer sonder beperkings ✓✓ Bv. gevorderde masjinerie en toerusting ✓
- Suid-Afrika is in 'n beter posisie om direkte beleggings van die BRICS en Europese lande te lok, wat die belastingbasis vir die owerheid uitbrei ✓✓
- Direkte beleggings van ontwikkelde lande sal meer werksgeleenthede in Suid-Afrika skep, wat ekonomiese groei stimuleer. ✓✓
- Internasionale verhouding tussen Suid-Afrika en ander lande kan verbeter, met Suid-Afrika wat 'n beter kans staan om sleutelposisies in internasionale organisasies soos IMF en die Wêreldbank te beklee ✓✓
- Suid-Afrika het 'n Voorkeurhandelsooreenkoms (VHO) met Mercusor onderteken wat sy handelsverhoudinge met lande soos Brasilië, Argentinië en Uruguay verbeter het ✓✓
- Die BRICS-alliansie help Suid-Afrika om voordeel te trek uit die gemeenskaplike handelsbeleggingsgeleenthede tussen die lede van die konsortium ✓✓
- Die verbintenis met BRICS help Suid-Afrika om inklusiewe ekonomiese groei te bewerkstellig ten einde armoede uit te roei ✓✓
- Handel tussen Suid-Afrika en die Verenigde State het aansienlik verbeter as gevolg van die Wet op Groei en Geleenthede in Afrika (AGOA) wat geen invoerregte op sekere SA uitvoere na VSA toelaat nie✓✓
- Suid-Afrikaanse produkte sal meer mededingend op die wêreldmark word aangesien die verwydering van tariewe dit meer bekostigbaar sal maak ✓✓
- Uitvoervolumes sal toeneem namate die vraag na Suid-Afrikaanse uitvoere sal toeneem, wat die handelsbalans verbeter ✓✓

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 13
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

- Suid-Afrikaanse vervaardigers sal produksie-insette soos ru-olie, voertuigonderdele, masjinerie en toerusting teen 'n laer koste invoer, wat binnelandse produksie stimuleer ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks. 10)
**(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir opskrifte/subopskrifte/voorbeelde)**

**SLOT**

Uitvoerbevordering mag die ekonomie help om 'n noemenswaardige uitvoergeleide ekonomiese groei te bereik deur massaproduksie. ✓✓
(Aanvaar enige ander relevante hoër-orde slot) **(Maks. 2)** **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 13
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

Kopiereg voorbehou